Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 4, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE GALLIEERDE BESETTING VAN MADAGASKAR IN 1942, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ROL VAN DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG IN DIE OPERASIES (DEEL 1)

KAPT J. E. H. GROBLER

**Japan's entry to the Second World War in December 1941 and the startling success of her forces in South East Asia and the Indian Ocean suddenly increased the strategic importance of the Vichy-held French colony of Madagascar. The island's position in relation to the vital British shipping routes around the Cape had already led to half-hearted diplomatic efforts to secure the neutralisation of Madagascar in 1941. British planners now considered that action was imperative, for they felt that Japan's occupation of the island was merely a question of time.**

**Accordingly in December 1941, Major General Sturges was appointed to command an expeditionary force to seize the island's important harbour at Diego Suarez. The decision to attack Diego Suarez was taken in March 1942 and plans were finalised in great haste.**

**In the initial stages of the Madagascar campaign South Africa provided vital aerial reconnaissance and support and also the intermediate base for the mounting of Britain's first amphibious operation in the Second World War. Important co-ordinating work was done by the Command Staff at Durban.**

**On 25 April the British expeditionary force began to leave Durban. On 5 May the landings at Diego Suarez began, accompanied by aerial and naval bombardment and by decou attacks elsewhere along the coast. The beachheads were secured with little trouble but severe opposition was encountered in the Antsirana isthmus where the French resisted fiercely from well-prepared positions. Nevertheless on 8 May the capitulation of the French forces in the Diego Suarez area had been negotiated and the first phase of the Madagascar operations had been successfully concluded at the cost of relatively few casualties.**

## Inleiding

Die geografiese ligging van die eiland Madagaskar langs die ooskus van Afrika het dit in Mei 1942 in die maalstroom van die Tweede Wêreldoorlog laat beland. Vir die Britse oorlogspoging was die skeepsroete om die Kaap van lewensbelang, aangesien die Middelandse Seeroete, weens die geografiese ligging van die Spil-moondheid Italië, nie 'n veilige verbinding met die Ooste en Indië gebied het nie. Die Japannese toetrede tot die oorlog in Desember 1941 en veral die Japannese besetting van die Britse vlootbasis by Singapoer in Februarie 1942, gevolg deur die besetting van Burma waardeur Brits-Indië en Ceylon direk bedreig is, het die belangrikheid van die seeroete om die Kaap en deur die Mosambiekkanaal nog verder verhoog. Indien die groot hawe by Diego Suarez op die noordelike punt van Madagaskar en die lughawes op die eiland in vreemde, veral Japannese, hande sou val, sou die posisie aan die ooskus van Afrika vir Brittanje onhoudbaar wees. Om die rede is op 'n militêre besetting van die eiland besluit. Voordat daardie operasie, met klem op die rol van die Unieverdedigingsmag daarin, bespreek word, is dit nodig om eers te kyk na die land waar die operasies hulle afgespeel het.

## Topografie

Madagaskar beslaan 'n oppervlakte van 592 045 vierkante kilometer wat dit die vierde grootste eiland in die wêreld maak. Dit is sestienhonderd kilometer lank en tussen vier- en vyfhonderd kilometer breed. Dit lê tussen twaalf en vyf-en-twintig grade Suiderbreedte

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 4, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

en vier-en-veertig en vyftig grade Oosterlengte, of te wel naastenby teenoor die hele kuslyn van die huidige staat Mosambiek, daarvan geskei deur die ongeveer vierhonderd kilometer breë Mosambiekkanaal. In die binneland is daar 'n sentrale plato wat meer as duisend meter bo seevlak geleë is. Die hoofstad Tananarive is op dié hoogland geleë. Die kusstrook bestaan uit uitgestrekte vlaktes, behalwe in die suide, waar dit tot vlak by die kus bergagtig is. Die lang kuslyn bevat min inhamme terwyl die ooskus 'n byna reguit lyn vorm. Die belangrikste hawe daar, Tamatave, word slegs deur 'n koraalrif beskerm. Diego Suarez-baai in die noorde vorm egter een van die beste natuurlike hawens in die wêreld.[1]

Die klimaat op Madagaskar is tropies. Daar is twee seisoene: in die koel seisoen vanaf April tot Oktober reën dit nie veel op die westelike helfte van die eiland nie, hoewel die reënval aan die oostekant hoog is. In die warm seisoen van Oktober tot April reën dit baie dwarsoor die eiland Verder is Madagaskar dwarsdeur die jaar winderig. Die klimaat op die eiland speel 'n fenominale rol in die beplanning van enige militêre aksies. As gevolg van wind kan amfibiese operasies ten alle tye slegs met moeite uitgevoer word. Verder moet die hoë reënval vir sowel land as lugoperasies in berekening gebring word. Die aanwesigheid van wolke beperk uitsig terwyl die hoë reënval ook 'n invloed op die bruikbaarheid van aanloopbane het.

Wat die infrastruktuur op die eiland aanbetref, was daar nie in 1942 'n noemenswaardige spoorstelsel nie. Die enigste spoorlyne was lokale trajekte wat slegs enkele kilometers lank was. Daar was ook nie 'n bruikbare padnetwerk nie. Feitlik al die paaie was in die reënseisoen onbegaanbaar, die relatief swak gekonstrueerde brûe het maklik weggespoel en daar was nie 'n doeltreffende onderhoudstelsel nie. Daar was wel 'n weervaste pad van Majunga aan die weskus na die hoofstad Tananarive, 'n afstand van byna seshonderd kilometer ,en nog een van Diego Suarez na Ambanja, ongeveer tweehonderd kilometer. Diego Suarez was weens die swak paaie gedurende die reënseisoen letterlik afgesny van die res van die eiland en slegs deur die lug of oor die water bereikbaar. Die aanloopbane van die meer as tien lughawens op die eiland was weervas, hoewel meeste van hulle grasoppervlaktes gehad het. Die hawens kon oor die algemeen nie groot vaartuie hanteer nie. Daar was 'n telefoondiens, maar vir langafstandkommunikasie is daar van tweerigtingradio's gebruik gemaak.

**Bevolking**

Madagaskar het in Desember 1941 'n bevolking van meer as vier miljoen gehad, waarvan ongeveer vyftigduisend buitelanders was. Die belangrikste inboorlingstamme was die Hovas en die Betsileo. Hulle was, relatief tot die ander stamme, hoogs beskaafd, en negentig persent van die staatsamptenare het uit hulle geledere gekom. Polities was hulle anti-Blank, anti-Frans en daarom pro-Brits, hoewel ook partydig vir die kommunisme. Hulle was passief met geen militêre ambisies nie, en het onverskillig teenoor die Wêreldoorlog gestaan. Hulle het al die ander stamme geheel en al gedomineer.

Wat die buitelanders en eerstens Asiate aanbetref, was daar 'n paar duisend Indiërs en Chinese oor die eiland versprei. Eersgenoemde was Britse onderdane en pro-Brits; laasgenoemde uitgesproke anti-Japanese en dus ook pro-Brits. Tweedens wat Europeërs aanbetref was daar ongeveer honderd Britte wat almal pro-Brits was, 'n onbepaalde aantal Grieke wat ook pro-Brits was, en verskeie ander klein groepies, waarvan die Duitsers en die Italianers meesal anti-Brits was. Van die Franse op die eiland was die staatsamptenare na Junie 1940 meesal pro-Vichy, en die res meesal pro-Brits.

**Polities**

Madagaskar was sedert 1896 'n Franse kolonie. In Junie 1940, na die Duitse besetting van Frankryk en die oprigting van die Vichy-regering in die onbesette gedeelte daarvan, het die eiland 'n Franse kolonie gebly. 'n Vichy-ondersteuner, Leon Cayla, is aangestel as goewerneur-generaal. Hy was uitgesproke anti-Brits, maar nie pro-Duits nie. Hy het die Britse konsulate op die eiland laat sluit en 'n verbod op Britse handelskontak ingestel, volgens homself uit weer-

1. *Encyclopaedia Britannica*, Volume 14 (Chicago, 1948), p 600.

wraak teen Brittanje se blokkade van Frankryk en van die Franse kolonies. In September 1940 is alle Britse eiendom op die eiland genasionaliseer. Terselfdertyd het Cayla pogings aangewend om handelsbande met Japan, Suid-Amerika en die Verenigde State van Amerika op te bou, want tekorte aan produkte soos voedsel en brandstof, is, as gevolg van die Britse blokkade, spoedig ondervind. Uit Britse oogpunt beskou was dit weer belangrik om te verhoed dat neutrale skepe in handelskontak met die eiland geraak, om sodoende druk op die Franse amptenary uit te oefen, want lyding as gevolg van tekorte aan noodsaaklike lewensmiddele sou wel bydra tot die ongewildheid van die amptenare en hulle posisie mettertyd onhoudbaar maak. Daar was 'n sterk moontlikheid dat die Britse beleid kon slaag omdat die buitelanders sowel as sommige Franse op die eiland pro-Brits was en op 'n Britse oorwinning oor Duitsland gehoop het. Sommige wou sien dat Brittanje die eiland beset, al was dit dan ook net om ekonomiese redes.

Genoemde politieke toestande het 'n sterk saak ten gunste van 'n Britse blokkade van Madagaskar daargestel. Uit 'n militêre oogpunt beskou was dit vir Brittanje egter ook belangrik om te verhoed dat die eiland nie as basis vir vyandelike kaapvaarders, duikbote of vliegtuie sou dien nie. Daar was in dié verband idees om met Cayla 'n ooreenkoms aan te gaan tot die effek dat hy die eiland neutraal sou hou in ruil vir die voorreg om met die neutrale buitewêreld te kon handel dryf. Hierdie moontlikheid is egter blykbaar in Vichy-Frankryk voorsien, en om dit in die kiem te smoor is Cayla aan die begin van 1941 deur die uitgesproke anti-Britse M. Annet as goewerneur-generaal vervang. Die Britse inligtingsdiens het kort daarna informasie begin bekom wat daarop gedui het dat Duitse duikbote van Madagaskar se noordelike hawens gebruik gemaak het om voorrade in te skeep en dat Duitse en Italiaanse skepe Diego Suarez-baai besoek het. Daardie feit was 'n positiewe bewys van hoe die wind gewaai het en daarmee was die moontlikheid om tot 'n ooreenkoms met die owerhede op Madagaskar te geraak, en 'n politieke skikking te bewerkstellig, tot niet.

Hoewel die lewenskoste op Madagaskar in die loop van 1941 geweldig gestyg het, het die ekonomiese toestand algaande verbeter. Dit was omdat talle handelskepe daarin geslaag het om, nieteenstaande die feit dat hulle die risiko van onderskepping geloop het, die eiland te besoek. Daar is ook handelskontak met Japan daargestel en handelsfirmas het hulle oë na Japan as moontlike voorsiener van kommoditeite begin wend. Die Britse vlootblokkade is vir die stygende lewenskoste geblameer en dit het die skerp verdeling tussen pro- en anti-Britte op die eiland geaksentueer.

Die Vichy-owerhede op Madagaskar het die groeiende anti-Britse gevoel as gevolg van die ekonomiese blokkade sover moontlik uitgebuit. Annet het 'n uitgebreide propaganda-veldtog, geskool op die Nazi-patroon, waarin Brittanje as die verraaier van Frankryk voorgestel is, van stapel gestuur. Die amptenary het geen geleentheid om hulle lojaliteit aan Vichy-Frankryk te betuig, laat verbygaan nie. Deur middel van owerheidsbeheer oor die beskikbare nuusmedia, naamlik die pers en die radio, is daarin geslaag om die invloed van die sogenaamde Vrye Franse-beweging van die eiland weg te hou. Die dra van enige embleme ter ere van generaal de Gaulle, wat die wêreldwye simbool van daardie beweging geword het, is selfs verbied. Geheime agente en polisie in siviele drag is ingespan om anti-Vichy elemente op te spoor en daarvan te weerhou om doeltreffende organisasies op die been te bring. Dié owerheidsmaatreëls was uiters suksesvol: as voorbeeld van hoe gering die Vrye Franse-beweging se invloed in Madagaskar was, kan gemeld word dat daar na die Britse besetting van Diego Suarez in die noorde slegs sewe aanhangers daarvan opgespoor kon word. Hulle was almal matrose van die Franse handelsvloot wat besig was om tronkstraf uit te dien weens ondermynende praatjies. Die meeste van die inwoners van Diego Suarez het vyandig teenoor die Vrye Franse gestaan. Die anti-Vichy elemente het voor die Britse besetting hoopvol op juis so iets gewag, maar self niks gedoen om dit te bewerkstellig nie.

## Militêr

Die Vichy-regeerders van Madagaskar het nooit ernstige oorweging aan die moontlikheid van 'n Japannese aanval op die eiland

gegee nie, selfs nie na Japan se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog in Desember 1941 nie. Die rede daarvoor was dat hulle seker was dat Brittanje nie so 'n aanval sou toelaat nie. Die moontlikheid dat 'n Britse mag veral Diego Suarez-baai kon beset, is egter wel oorweeg en voorbereidings is getref om dit teen te staan. Oor 'n sodanige beplande teenstand kon Britse militêre leiers nie twyfel nie. Die Franse Ambassadeur in die Verenigde State van Amerika, M. Henri Haye, het immers reguit verklaar dat Vichy-Madagaskar teen enige aanval, van wie ookal afkomstig, verdedig sou word. Ook in Madagaskar self het die Britse inligtingsdiens berigte opgepik wat daarop gedui het dat Geallieerde pogings om die eiland te beset, weerstaan sou word, veral as die Vrye Franse-beweging deelname daarin gegee sou word.

Vir die verdediging van Diego Suarez alleen was daar sewe kusverdedigingsbatterye ontplooi, sowel as 'n mobiele artillerie-eenheid, sowat agtduisend troepe (meerendeels Malgassers),[2] en 'n groot hoeveelheid myne wat in die twaalfhonderd-meter-breë hawepoort gelê kon word. Baie de Courrier aan die weskus teenoor Diego Suarez-baai is inderdaad gemyn. Daar is ook aan fortifikasies oos en wes van Diego Suarez gewerk, maar nêrens elders is aan kusverdediging aandag gegee nie.

Behalwe vir die nagenoeg agtduisend soldate by Diego Suarez, is 'n verdere sowat drieduisend oor die res van die eiland versprei. Vir lugverdediging was daar minder as vyftig vliegtuie van verskillende soorte beskikbaar. Dié kon egter weens 'n gebrek aan brandstof geen oefenvlugte uitvoer nie. Dieselfde probleem het oefeninge van die grondformasies gekniehalter en die ses tenks by die hoofstad Tananarive kon nooit oefen nie. Die gevolglike onaktiwiteit het nadelig ingewerk op die moreel van die soldate; 'n toestand wat ook onder die matrose by Diego Suarez gediagnoseer is. 'n Verdere swakheid van die verdedigers was 'n gebrek aan opgeleide blanke onderoffisiere. Verder was die troepformasies ook van 'n gemengde aard: Franse, Senegalese, Indo-Chinese en Malgassers is as soldate ingespan. Tog is daar besluit dat Madagaskar teen invallers verdedig sou word, en is daar vir so 'n gebeurlikheid voorberei. In Tananarive is daar aan die begin van 1942 rooi kruise op die dakke van hospitale geverf, en teen Maart bomskuilings gegrawe en oefeninge in burgerlike beskerming teen lugaanvalle gehou.

**Operasie *Bonus***

Dit is moontlik of selfs waarskynlik dat die posisie in Madagaskar staties sou gebly het as dit nie was vir die Japannese toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog nie. Die Britse inligtingsdiens het spoedig opgemerk dat hoewel daar nooit spesifiek van Madagaskar melding gemaak is nie, daar telkens in Japannese radio- en persberigte verklaar is dat die Geallieerdes van die gebruik van die Indiese Oseaan ontneem moes word. Volgens Duitse bronne het die Japannese die groot strategiese belangrikheid van die ligging van Madagaskar in die see-oorlog weldeeglik besef. Daar is dan ook beplan om basisse op Madagaskar te vestig vanwaar die seeroete om die Kaap beheer kon word. Die Japannese wou, weens die Duitse beheer oor die Franse moederland, nie sonder Duitse toestemming teen Madagaskar optree nie. Hitler het getwyfel of selfs hy die Vichy-Franse sou kon laat toestem tot 'n Japannese besetting van Madagaskar.[3] Dat 'n Japannese besetting van Madagaskar alles behalwe vanselfsprekend was, het die Britte egter nie geweet nie: inteendeel was dit juis die vrees daarvoor wat verantwoordelik was vir die besluit om self die eiland te beset.

Die moontlikheid van 'n vyandelike besetting van die hawe Diego Suarez is reeds onmiddellik na die val van Frankryk in Junie 1940 deur die Britse Stafhoofdekomitee bespreek. Hierdie komitee, bestaande uit die Stafhoofde van die drie Britse gevegsdienste, het saam met premier Churchill volle beheer oor die Britse oorlogspoging uitgeoefen. In die middel van 1941 het Madagaskar weer te berde gekom, maar geen spesifieke besluite is geneem nie.[4] Die eerste werklik konkrete besettingsplan, met die kodenaam Operasie *Bonus*, het direk na die Japannese toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog in Desember

---

2. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming en J.E. Betzler: *War in the Southern Oceans, 1939—45* (Cape Town, 1961), p 132.
3. W.S. Churchill: *The Second World War*, Volume IV (London, 1951), p 200; L.C.F. Turner and others: *op cit*, p 116.
4. L.C.F. Turner and others: *op cit*, p 131.

1941 vorm aangeneem. Daarvolgens moes die gevegseenhede wat gebruik sou word in Februarie 1942 aan die Skotse kus gaan oefen voor hulle na Madagaskar sou vertrek. Generaal-majoor R.G. Sturges is as leërbevelvoerder van daardie eenhede, wat Taakmag 121 genoem is, aangestel. Hy was verantwoordelik vir die beplanning van die aanval op Diego Suarez, wat die belangrikste doelwit was. Sy beplanning is bemoeilik deur 'n tekort aan informasie oor die strande waarop hy sy aanvalsmag wou laat land. Lugfoto's van die strande in die Diego Suarez-gebied was dus dringend noodsaaklik om te verseker dat daar nie onnodige waagstukke met die landings gepaard sou gaan nie.[5] Vanweë daardie behoefte is die Unieverdedigingsmag vroeg in 1942 vir die eerste keer in die Madagaskar-veldtog om hulp genader.

### Operasie *Lunatic*

Die Britse Hoë Kommissaris in Kaapstad het reeds in Julie 1941 op die wenslikheid van lugfotografie van Diego Suarez deur 'n Suid-Afrikaanse vliegtuig gewys. Die operasie wat uiteindelik *Lunatic* gedoop is, is toe uitgestel omdat die Unie se aanbod van 'n vliegtuig vir dié doel, nie deur Brittanje aanvaar is nie. Vanaf Januarie 1942 is daar egter in die geheim aan die operasie beplan en op 17 Februarie het die Hoof van die Generale Staf, generaal sir Pierre van Ryneveld, 'n versoek van die Britse Lugvaartministerie ontvang om onmiddellik daarmee voort te gaan. Brigadier C.J. Venter, die Direkteur-generaal Lugmag, het beveel dat twee Maryland-vliegtuie met die beste beskikbare fotografiese apparaat vir die operasie toegerus moes word. Lindi, 'n hawedorpie aan die kus van die destyds Britse kolonie Tanganjika, sou as basis dien. Die vlug moes op 'n hoogte van sesduisend meter bo seevlak uitgevoer word. Majoor J.A.G. Rademan en kaptein M.J. Uys is as vlieëniers aangewys, en sersante Van Rhyn en Lombaard as fotograwe.

Kaptein Uys het hom later herinner dat generaal Van Ryneveld aan hom persoonlik gesê het dat hy moes besef dat die operasie uiters geheim was omdat openbaarmaking daarvan internasionale reperkussies tussen die Unie en Frankryk tot gevolg sou hê. Hy is selfs beveel dat, indien hulle om enige rede oor die eiland gevang sou word, hy en die bemanningslede nie moes laat blyk dat hulle Suid-Afrikaners was nie. Hulle moes in siviele klere vlieg en alle identiteitsmerke van die vliegtuie verwyder. Dit sou natuurlik beteken dat hulle as spioene geag sou word, wat hulle inderdaad was.[6] Rademan en Uys het hul eerste verkenningsvlug vir lugfotografie op 1 Maart 1942 uitgevoer. Dit was ,weens bewolkte toestande, nie heeltemal suksesvol nie, aangesien die hele gebied nie afgeneem kon word nie. Die Britse Regering het dus 'n herhaling van die operasie aangevra, om uitgevoer te word voor 20 April 1942. Geheimhouding is steeds beklemtoon. Lindi is weer as basis gebruik. Twee Marylands het reeds op 3 April daar aangekom, die keer onder bevel van majoor K.S.P. Jones, met kaptein Uys weer as vlieënier van die tweede Maryland. Moesontoestande was vir aanhoudende reën verantwoordelik, en eers op 12 April het dit uit weervoorspellings gelyk of 'n verkenningsvlug suksesvol sou kon wees. Die vlug is op daardie dag uitgevoer. Bo Diego Suarez het die vliegtuie se roetes geskei om verskillende gebiede te kon afneem. Hoewel beide deur wolke tot onder tweeduisend meter gedwing is, het hulle geen lufagweer of vegvliegtuigopposisie ondervind nie. Die direkte resultate van dié vlug was die korreksie van 'n blatante fout op 'n Britse admiraliteitskaart, en dus meer bevredigend as die resultate van die eerste vlug.[7]


Daarmee het die Suid-Afrikaanse Lugmag sy eerste bydrae tot die Geallieerde besetting van Madagaskar gelewer.

### Operasie *Ironclad*

Reeds 'n paar weke voor daardie verkenningsvlugte onderneem is, is Operasie *Bonus* weens die omvangryke Britse verpligtinge elders, op 15 Januarie 1942 geskrap. Die moontlike Britse besetting van Madagaskar is egter steeds bespreek want, soos generaal Smuts dit uitgedruk het, 'Madagaskar was die sleutel tot die veiligheid van die Indiese Oseaan.'[8] Sturges het dan ook vroeg

5. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225 dd 4 March 1948, pp 1605—1606 (Sturges' Report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
6. *Kommando*, Junie 1950 (M.J. Uys: Geheime Sending), p 2.
7. J.A. Brown: Eagles Strike (Cape Town, 1974), p 386.
8. W.S. Churchill: *op. cit.*, p 198.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 4, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




DIE GEOGRAFIESE POSISIE VAN MADAGASKAR IN DIE INDIESE OSEAAN

Slegs plekke wat in die artikel genoem word, word aangetoon.

Gebaseer op *British War Office Map No. 1849, 1938.*

in Februarie aan die Skotse kus 'n amfibiese oefening met die oog op sodanige operasie laat plaasvind en handige lesse, veral wat die voorbereiding vir 'n amfibiese aanval betref, daaruit geleer.[9]

Al daardie voorbereidings was nie verniet nie, want op 13 Maart 1942 het die Britse Stafhoofdekomitee besluit dat Diego Suarezbaai en die lughawe suid daarvan vroeg in Mei in wat later Operasie *Ironclad* genoem is, beset moes word. Skout-admiraal E.N. Syfret, 'n Suid-Afrikaner van geboorte en oudleerling van 'Bishop's' in Kaapstad, is as algehele bevelvoerder van die operasie aangestel en Sturges as die militêre bevelvoerder. Die operasie moes binne agt weke van stapel gestuur word; 'n kort voorbereidingstyd, maar weens die vorige beplanning en oefening vir Operasie *Bonus*, nie onmoontlik kort nie.[10]

Die versterkings wat vir Indië bestem was en vanaf Brittanje om die Kaap na Indië op pad was, sou tydelik vir die besetting van Diego Suarez ingespan word, maar moes so gou moontlik ná die besetting deur garnisoentroepe wat deels uit Suid-Afrika moes kom, afgelos word. Vlootbegeleiding moes deur die Britse vlooteskader wat by Gibraltar gestasioneer was, en deur 'n Amerikaanse vloot afgelos sou word, verskaf word.[11]

Churchill wou die Vrye Franse van generaal Charles du Gaulle 'n aandeel in die operasie gee, maar aangesien daar getwyfel is of daar genoegsame Vrye Franse magte vir so 'n onderneming beskikbaar was en Churchill téén die stuur van 'n gemengde ekspedisie was, is besluit dat die aanvalsmag slegs uit die Britse Ryk moes kom.[12] De Gaulle is om

9. *Purnell's History of the Second World War*, Number 36 (J.L. Moulton: Madagascar: First Allied Invasion), pp 1003 and 1005.
10. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225 dd 4 March 1948, pp 1606—1607 (Sturges' Report dd 15 June 1942).
11. W.S. Churchill: *op. cit.*, pp 199—200.
12. *Ibid.*, pp 198—199.

sekerheidsredes nie eers vooraf oor die ekspedisie ingelig nie.[13] Tog was dit nie die doel om met die Franse status van Madagaskar in te meng nie: die eiland moes Frans en 'n deel van die Franse Ryk bly, en Churchill het in 'n radiotoespraak enkele dae na die eerste landings reguit gesê dat dit nie 'n permanente Britse besetting was nie.

Operasie *Ironclad* is vir die besetting van Diego Suarez en die onmiddellike omgewing daarvan alleen beplan. Oor die res van die eiland sou later besluit word. Churchill het die operasie as 'n toevallige neweproduk van sy hoofstrategie teen Japan, naamlik die versterking van Indië teen 'n verwagte Japannese inval, beskou.[14] Smuts, aan die ander kant, was ten gunste van die besetting van die hele eiland. In 'n boodskap aan Churchill op 20 April 1942 het hy sy standpunt as volg gestel: 'Ek ... wil voorstel dat Madagaskar belangrik genoeg is om nou 'n eenmalige werk van die besetting daarvan te maak. Tamatave en Majunga behoort dus ook beset te word om die uiteindelike oorgawe van die hele eiland onvermydelik te maak. Dit, verstaan ek, kan nou met beperkte magte op bogenoemde plekke gedoen word, maar sal later meer tyd en groter magte, sowel as 'n groter risiko, verg ... Suid-Afrikaanse deelname sal voorafgegaan moet word deur die verbreking van betrekkinge met Vichy, wat nou op die Laval-insident gebasseer kan word.' Op 23 April is die diplomatieke betrekkinge tussen Suid-Afrika en Vichy-Frankryk inderdaad verbreek. Smuts het as rede daarvoor aangevoer dat die Franse beleid, sedert Laval premier geword het, radikaal pro-Duits geword het.

Teen daardie tyd was die skepe wat die invalsmag na Madagaskar geneem het, reeds in Durban. Sturges en sy beplanningstaf het Brittanje op 23 Maart aan boord van die troepeskip *Winchester Castle* verlaat. Die lugfoto's van die Diego Suarez-gebied is net voor die vertrek aan hulle besorg. Dit het hulle in staat gestel om 'n geheelbeplanning vir die operasie in besonderhede te doen en selfs om die strande waarop geland moes word, te selekteer. Ongelukkig het die foto's nie die Antsirana-gebied, en dus die voorbereide stellings suid daarvan, aangetoon nie. Hierdie leemte het veroorsaak dat die militêre operasie, soos aanstons beskryf word, byna verongeluk het aangesien daardie stellings eers tydens die uitvoering van die operasie ontdek is.[15]

Skout-admiraal Syfret se Gibraltar-taakmag het 'n paar dae later as begeleiding vir Operasie *Ironclad* die seeroete suidwaarts aangepak. Sy posisie by Gibraltar is ingeneem deur skepe van die Britse tuisvloot wat weer afgelos is deur 'n Amerikaanse vloot. Laasgenoemde is op Churchill se versoek na Brittanje gestuur aangesien die Amerikaanse Stafhoofde ten gunste van die Britse besetting van Diego Suarez was.[16] Syfret het Sturges en sy staf vir die eerste keer in Freetown aan die Wes-Afrikaanse kus ontmoet toe die *Winchester Castle* op 6 April daar aangekom het. Die admiraal het in breë trekke ingestem met die militêre voorbereidings. Op 9 April is die reis hervat. 'n Paar dae later is Sturges ingelig dat 13 Infantry Brigade Group tot sy beskikking gestel is. Teen die tyd dat Durban, waar die hele taakmag bymekaargekom het, bereik is, was die aanvalsplan in sy finale vorm gereed.[17]

Ondertussen het Churchill bekommerd geraak oor die moontlikheid dat Franse versterkings na Madagaskar gestuur kon word. Hy het dus vir Smuts versoek om te probeer voorkom dat Franse skepe om die Kaap vaar. Die Suid-Afrikaanse kuswag het daarop met verkenningsvliegtuie opsporingsvlugte suid van Kaapstad onderneem, maar niks opgemerk nie.[18] Daar het egter geen versterkings in Madagaskar aangekom nie.

Die Britse konvooi vanaf Freetown het op 22 April in Durban aangekom. Die skepe kon weens deeglike beplanning aan die kaai vasmeer en finale voorbereidings het dadelik voortgegaan. Terwyl Syfret en Sturges oor die koördinasie van leër- en vlootbedrywig-

---

13. S.W. Roskill: *The War at Sea*, 1939—1945, Volume II (History of the Second World War, United Kingdom Military Series, edited by J.R.M. Butler, London, 1956), p 186.
14. W.S. Churchill: *op cit*, p 203.
15. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, pp 1607—1608 (Sturges' Report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of the Diego Suarez).
16. W.S. Churchill: *op cit*, pp 200—201; S.W. Roskill: *op. cit*., pp 185—186.
17. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, pp 1607—1608 (Sturges' Report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
18. L.C.F. Turner and others: *op. cit*., p 132.

hede gepraat het en met admiraal Somerville, bevelvoerder van die Britse Oosterse Vloot, gereël het vir beskerming van die operasie teen inmenging uit die ooste,[19] is militêre transport versien en gereed vir 'n amfibiese aanval verskeep; die landingsvaartuie versien; kaarte, orders, foto's, propagandageskriffies en informasie oor Madagaskar onder al die skepe versprei; demonstrasies waarby Suid-Afrikaanse skakeloffisiere teenwoordig was en waartydens die operasie verduidelik is, gehou; die soldate fisiese oefening gegee en spesiale kommunikasiereëlings met die Suid-Afrikaanse Lugmag getref.[20] Voorts is daar op die skepe ruimte gemaak vir die brandstof en ammunisie van Suid-Afrikaanse vliegtuie,[21] want 'n Suid-Afrikaanse Lugmagkontingent wat die Sugarcane Wing genoem is, is by Operasie *Ironclad* ingesluit.

Dit het so gebeur: Daar was in April—Mei 1942 geen Britse vliegtuie beskikbaar om na die besetting van Diego Suarez vir lugverkenning aangewend te word nie. Die Britse stafhoofde het dus op 16 April voorgestel dat 'n Suid-Afrikaanse Lugmagkontingent op Madagaskar gebruik moes word totdat alternatiewe reëlings getref kon word. Generaal Smuts het daartoe ingestem, op die veronderstelling dat dit net 'n tydelike reëling was, want die onttrekking van Suid-Afrikaanse vliegtuie het die Unie se kusverdediging aansienlik verswak. Kolonel S.A. Melville van die Suid-Afrikaanse Lugmag het in Durban by die Imperiale invalsmag na Diego Suarez aangesluit om byderhand te wees om bevel oor die Suid-Afrikaanse vliegtuie oor te neem sodra hulle in Madagaskar sou aankom. Hy is direk onder Syfret se bevel geplaas. Hy is op Syfret se vlagskip *Ramillies* vergesel deur twee stafoffisiere, luitenant-kolonel M.C.P. Mostert en kaptein H. Gordon-Williams. Mostert moes die operasionele bevel oor die Suid-Afrikaanse vliegtuie voer na hulle aankoms op die eiland. Tot dan sou die Lugmagkontingent direk uit die Unie beheer word, operasioneel deur luitenant-kolonel J. Durrant.

Die voorbereidings in Durban is volgens skedule afgehandel. Die Unie-regering het alle moontlike fasiliteite tot Syfret se beskikking gestel. Die gebiedsbevelvoerder in Durban, brigadier J. Daniels, en kolonel S.A. Melville het puik koördinasiewerk gedoen. Die Unie is vir praktiese doeleindes gestroop van produkte soos lym en isolasieband waarmee voertuie waterdig gemaak is, en van vliegtuigbomme. Die bykans onmoontlike is reggekry en die konvooie het betyds vertrek.[22] Sommige van die offisiere by Hoofkwartier, Kommandement Natal, het nagte deur gewerk om dit moontlik te maak. In 'n bedankingsbrief daarvoor aan generaal Van Ryneveld het Sturges verklaar dat die Unieverdedigingsmag se hulp 'n 'manjifieke poging' was en dat die vertrek van die konvooie op geskeduleerde tyd daarsonder nie moontlik sou gewees het nie.

Die dag na die vertrek van die eerste skepe van Durban na Madagaskar, naamlik op 26 April, is Syfret en Sturges uit Londen om hulle menings oor die moontlikheid van operasies teen Majunga en Tamatave gevra. Hulle het spoedig geantwoord dat sodanige operasies onderhewig aan twee voorwaardes uitgevoer kon word: eerstens moes 13 Infantry Brigade Group permanent aan hulle taakmag toegesê word, en tweedens moes opposisie by Diego Suarez teen 1800 uur op dag 1 verbreek wees. *29 Brigade* en *5 Commando* kon dan weer verskeep word en vier of vyf dae na die aanval op Diego Suarez soortgelyke aanvalle op Majunga en Tamatave doen. Syfret en Sturges het bevele vir voorbereiding vir daardie addisionele operasies uitgereik, maar op 4 Mei is opdrag ontvang dat die addisionele operasies uitgestel moes word aangesien *13 Brigade* so gou moontlik na Indië moes vertrek.[23] Teen daardie tyd was die skepe al amper by Diego Suarez.

## Finale voorbereidings

Die stadige konvooi, begelei deur die kruiser *Devonshire*, is op 25 April uit Durban weg. Die konvooi het die normale skeeps-

---

19. W.S. Churchill: *op. cit*, pp 187—188.
20. S. Woodburn Kirby and others: *The War Against Japan, Volume II, India's Most Dangerous Hour* (History of the Second World War, United Kingdom Military Series, edited by Sir James Butler, London, 1958), pp 134—135; Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, p 1602 (Garnons-Williams' Report, enclosure 3 to Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).
21. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, pp 1608—1609 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
22. *Ibid*, p 1609.
23. *Ibid*.

roete noordwaarts gevolg tot by ongeveer vyftien grade suiderbreedte, toe dit oosnoordoos geswenk het op 'n roete wat dit noord van Madagaskar verby sou voer.[24]

Die vinnige konvooi, begelei deur *Ramillies*, het op 28 April op feitlik dieselfde roete gevolg. Syfret, Sturges en Melville het al drie op die *Ramillies* gevaar. Die vliegdekskip *Indomitable*, waarvan die vliegtuie saam met dié van die *Illustrious* lugondersteuning tydens die finale aanval moes gee, het eers op 3 Mei by die konvooi aangesluit.[25]

Dieselfde dag is 'n ultimatum opgestel wat by die eerste geskikte geleentheid aan die senior Franse offisier by Diego Suarez gestuur moes word. Daarin is verklaar dat Diego Suarez beset word om te verhoed dat die Japannese dit beset; die gewapende magte onvoorwaardelik moet oorgee; dat die Verenigde State van Amerika tot die operasie toegestem het; dat Madagaskar na die oorlog aan Frankryk teruggegee sou word; dat alle personeel die geleentheid gebied sou word om by die Verenigde Nasies aan te sluit; dat handel tussen Madagaskar en die Verenigde Nasies herstel sou word; dat geen toerusting van watter aard ookal vernietig mag word nie, en dat 'n antwoord op die ultimatum in ondubbelsinnige taal verstrek moes word.[26] Behalwe vir daardie ultimatum wat so spoedig as moontlik oorhandig moes word, is daar ook beplan om pamflette waarin die aanvallers se optrede verduidelik is, naamlik dat dit anti-Japannees was, en beloof is dat Madagaskar na die oorlog aan Frankryk teruggegee sou word, uit vliegtuie oor die garnisoen van Antsirana af te gooi. Churchill wou graag in die propagandageskrifte laat blyk dat Operasie Ironclad 'n Anglo-Amerikaanse onderneming was, maar daarvan wou president Rooseveld niks weet nie.[27]

Die middag van 4 Mei was die hele konvooi, soos beplan is, naby Madagaskar. Dit het bestaan uit 'n oorlogskip, twee vliegdekskepe, twee kruisers, elf torpedojaers, ses mynveërs, ses korvette en agttien hulpvaartuie, waaronder troepeskepe soos die eertydse posboot *Winchester Castle*. Die *Ramillies* en die vliegdekskepe het 'n posisie vyftig kilometer wes van Kaap Amber, die noordelikste punt van Madagaskar, ingeneem en die kruiser *Hermione* is na die kus oos van Diego Suarez om met 'n skynaanval die vyand te gaan probeer verwar. Al die ander skepe is na hul voorafbepaalde posisies vir die amfibiese aanval. Alles het volgens plan verloop totdat 'n merker-boei wat té naby aan 'n koraalrif geplaas is, veroorsaak het dat al die mynveërs in die hoof-aanvalskanaal hul veegerei verloor het. Hoewel die kanaal toe nie behoorlik vir myne gevee is nie, het die landingsvaartuie nogtans volgens skedule in posisie gekom.[28] Talle myne is geaktiveer en die ontploffings het so hard geklink dat vyandelike vuur enige oomblik verwag is.[29] Die vyand is egter nie daardeur gewaarsku nie.

## Die amfibiese aanval

Madagaskar se noordelike punt lyk soos 'n spiespunt wat feitlik reg noord wys. Regs of oos van die landlengte wat na die noordelike skiereiland of die lem van die denkbeeldige spiespunt lei, lê Diego Suarezbaai. Die baai, wat naastenby die vorm het van en naastenby so groot is as die Britse vlootbasis Scapa Flow in Skotland,[30] mond aan sy oostekant in die see uit. In die baai self is daar twee skiereilande: die Andrakakaskiereiland met die klein hawedorpie Diego Suarez daarop en 'n paar kilometer suidoos daarvan die Antsirana-skiereiland met die groot hawedorp Antsirana daarop. Daardie twee skiereilande, sowel as die Oranjia-skiereiland waarop die kusbatterye was wat die monding van Diego Suarez-baai verdedig het, was die hoofdoelwitte van Sturges se aanvalsplan.

Die landingsplekke of strande waar die invalsmag moes land, was aan die westekant van die landengte wat Diego Suarez-baai van

---

24. *Ibid*, pp 1602—1603 (Garnons- Williams' report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
25. *Ibid*, pp 1589—1590 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
26. *Ibid*, pp 1594—1595. Die Verenigde Nasies was die state wat die Verklaring van die Verenigde Nasies van 1 Januarie 1942 onderskryf het, en dus in die oorlog teen die Spil-moondhede gewikkel was.
27. W.S. Churchill: *op cit*, pp 202—204.
28. Supplement to the *London Gazette*. Number 38225, dd 4 March 1948, pp 1590—1591 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
29. *Ibid*, p 1599 (Captain Hutton's report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
30. S. Woodburn Kirby and others: *op cit*, pp 135—136.




DIE BESETTING VAN DIEGO SUAREZ, 5 - 7 MEI 1942
(Slegs plekke wat in die artikel genoem word, word aangetoon)
Gebaseer op *British War Office Map No. 4245, 1942,* en op
kaart in *Supplement to the London Gazette No. 38225 of 4 March 1948.*

SEE KORAALRIF PAAIE SPOORLYN

die weskus geskei het. Daardie landengte is wisselend tussen vier en tien kilometer breed. Vier strande is uitgesoek. Die noordlikste, in Courrier-baai, is Strand Rooi genoem. 'n Deel van die aanvalsmag moes daar land om die Andrakaka-skiereiland te gaan beset. Die hoofmag moes in Ambararata-baai suid van Courrier-baai aan wal gaan op drie strande, van noord na suid Strand Blou, Strand Wit en Strand Groen gedoop. Van daar moes die hoofmag ooswaarts oorland opruk na Antsirana, meer as twintig kilometer van die weskus.[31]

Die oogmerk met die landings op die weskus was om verrassing te bewerkstellig. 'n Nagoperasie daar sou vir mense met geen persoonlike ondervinding van die gebied moeilik en gevaarlik wees. Daarom het die Franse in hul verdedigingswaardering geen voorsorg vir juis so 'n amfibiese nagaanval as wat Sturges van stapel gestuur het, gemaak nie. Sturges het sy opponent reg opgesom, besef dit was 'n manier om die vyand te verras, en die risiko geloop — 'n waagstuk wat goeie vrugte afgewerk het.[32]

*5 Commando* en 'n kompanie van die *2 East Lancashire Regiment* het om 0435 uur op 5 Mei op Strand Rooi begin land. Die landing is nie teengestaan nie. Teen 0515 uur was die 7 Kusverdedigingsbattery van die Franse op die sogenaamde Windsor Castle Kop bokant Strand Rooi in Britse hande nadat die garnisoen daarvan letterlik aan die slaap gevang is. 'n Klompie soldate is daar gelaat om die battery te bewaak en 'n Franse observasiepos, waaruit met masjiengewere op die Britte gevuur is, te probeer beset. Nadat gevind was dat daar nie, soos verwag is, nog 'n Franse kusverdedigingsbattery op die landengte was nie, is die res van die Britse troepe wat by Strand Rooi geland het teen 1130 uur die Andrakaka-skiereiland binne. Die bietjie opposisie wat ondervind is, is spoedig opgeruim, en om 1405 uur het die dorpie Diego Suarez gekapituleer. Die Britte het toe probeer om bote in die hande te kry om die 1 300 meter water wat hulle van Antsirana geskei het, oor te steek, maar was onsuksesvol daarmee.[33]

Die Franse observasiepos teen Windsor Castle het, nieteenstaande die feit dat dit deur torpedojaers en amfibiese vliegtuie gebombardeer is, dwarsdeur dag 1 uitgehou.[34] Dit is eers op 6 Mei opgeruim en daarmee was gevegte in die omgewing van Strand Rooi iets van die verlede.[35]

Strande Groen, Wit en Blou, waar die *29 Independent Brigade* aan wal gegaan het, was oor die algemeen geskik vir amfibiese infanterielandings. Op eersgenoemde twee strande is boonop geen opposisie ondervind nie. By Groen is geen voertuie ontskeep nie. By Wit is dit wel gedoen, maar talle voertuie, selfs dié met rusperbande, het vasgeval. Ander het eers heeltemal versonke geraak voor hulle die droë grond kon haal. Die gevolg was lang vertragings in die operasie dwarsdeur dag 1. Met die koms van laagwater teen 1000 uur is landings daar heeltemal gestaak en alle landingsvaartuie na Strand Blou verwys. Dit was die enigste strand waar die Britse landings enigsins teengestaan is. Die vyftig Senegalese wat die Britte probeer stuit het, is egter deur soldate wat by Strand Wit geland het van agter af verras en gevange geneem. Daarna het alles klopdisselboom gegaan. Teen 0620 uur was meer as tweeduisend soldate aan land en al die strande veilig in Britse hande.[36]

Die beplande lugaanvalle op die skepe in Diego Suarez-baai en op die vliegveld suid daarvan het op dieselfde tydstip as die amfibiese landings begin. Beide doelwitte is effektief gebombardeer: in die hawe is drie skepe buite aksie gestel en op die lughawe negentien vliegtuie. Die pamflette wat op Antsirana afgegooi is, het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie (om 0700 uur het die Franse militêre bevelvoerder 'n verklaring uitgesaai dat hy van plan was om sy posisie so lank as moontlik te verdedig)[37] en so ook nie die skynaanval van die *Hermione* aan die kus suidoos van Diego nie. Dit

31. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, p 1609 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
32. *Ibid*, p 1610.
33. *Ibid*.
34. *Ibid*, pp 1596—1597. (Captain Oliver's report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
35. *Ibid*, p 1610 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
36. *Ibid*, pp 1591—1592 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942) and p 1610 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report).
37. S. Woodburn Kirby and others: *op cit*, p 137.

het om 0400 uur begin. Stergranate is afgevuur en 'n groot klomp rook is gemaak. Vliegtuie van die vliegdekskepe het net daarna fopvalskerms in dieselfde omgewing afgegooi. Hierdie skynaanval het volgens 'n Franse verslag wel 'n invloed gehad. Die verslag het gelui: ' 'n Mobiele afdeling is in die rigting van Mahagaga, waar valskermsoldate neergelaat is, uitgestuur.'n Saamgestelde infanteriegroep is ook uitgestuur en het voorbereide posisies beset.' Of hierdie afleidingsaanvalle van waarde was, is egter te betwyfel, aangesien dit beslis gedien het om die Franse op hulle hoede te plaas.[38]

Drie Franse vliegtuie vanaf die hoofstad Tananarive het gedurende die middag twee keer oor die strande waar die Britte geland het, met masjiengewere gevuur. Geen ongevalle is aangeteken nie. Dit was die enigste keer wat vyandige vliegtuie enigsins lastig was.[39]

**Die opmars na Antsirana**

Die opmars na Antsirana het terwyl die landings nog aan die gang was begin. Tenks en troepedraers kon weens landingsprobleme eers vanaf ongeveer 0730 uur die opmars begin lei. Om 0815 uur (volgens Sturges;[40] Melville sê dit was om 1000 uur) is 'n Franse offisier by 'n veldbunker in die Avril Quest-gebied verras en gevange geneem. Die offisier is dadelik, in ooreenstemming met magsinstruksies, in sy eie voertuig met die ultimatum wat Syfret op 3 Mei laat opstel het, na die Franse basis gestuur. Dit was swak taktiek, want die Britse aanvalsrigting is daardeur aan die Franse hoofkwartier verklap. Dit het die uitstuur van Franse troepe na verdedigingsposisies teenoor die Britse opmarsroete verhaas.

Teen 1100 uur is daar vanaf hoë grond oos van Anamakia op die voorste Britse troepedraers en motorfietse gevuur. Die Franse infanterie was daar stewig ingegrawe met stellings vir vier masjiengewere. Brigadier Festing het, hoewel die tropiese son sy troepe gebraai het, besluit om aan te val en vanaf 1115 uur vir dié doel twee kompanies van die *2 Royal Welch Fusiliers*, ondersteun deur die drie beskikbare tenks ('n Tetrarch en twee Valentines) en 'n seksie 3,7 duim houwitzers van *455 Battery*, in die veld gestoot. Die tenks het spoedig deur die Franse posisie gebreek, en laasgenoemde het opgehou vuur, maar slegs totdat die Britse infanterie hulle opmars voortgesit het. Georganiseerde opruiming moes dus plaasvind. Dit was eers teen 1500 uur afgehandel toe dertig Senegalese en een offisier oorgegee het. Ongeveer net soveel het toe al gesneuwel. Britse verliese was twee offisiere en drie ander range dood, en vyftien gewond. Die krygsgevangenes het die Britte meegedeel dat hulle verras was, en hulle posisies gevolglik met vyftig persent onderbeman was.

Terwyl die opruimingsgevegte aan die gang was, het vyf tenks onder majoor Simon gevorder tot ongeveer vyf kilometer van Antsirana af. 'n Vragmotor vol vyandelike troepe is uitgeskiet voor die tenks hulle in swaar 75 mm kanonvuur op 'n kort afstand vasgery het.

Vir die tenks was dit onmoontlik om die kanonstellings op te spoor, met die gevolg dat vier tenks buite aksie gestel is terwyl die vyfde een homself buite skootsveld onttrek het. Die tenkbemannings het ongevalle gely en hoewel hulle hulself desperaat met ligte wapens verdedig het, is Simon en sy manne almal gevange geneem.Daar was dus tot ongeveer 1500 uur twee gevegte op twee verskillende punte op die pad na Antsirana aan die gang: dit was die artillerie-aanval op die Britse tenkvoorhoede en twee kilometer agtertoe 'n infanterie-opruimingsgeveg.[41]

Die hoofopmars is om 1515 uur hervat. Teen 1800 uur was die voorste regimente in kontak met die vyandelike hoofposisie waar die tenks hulle vroeër vasgeloop het. Dit is deur masjiengewere en 75 mm kanonne dwarsoor die landengte suid van Antsirana verdedig. Die infanterie het ongevalle gely en nog twee tenks is buite aksie gestel. Kort daarna het dit donker geword. Die Britte het teen daardie tyd besef dat die Franse weerstand nie

38. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225, dd 4 March 1948, p 1610 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
39. *Ibid*, pp 1591—1592 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942) and pp 1596—1598 (Captain Oliver's report as enclosure to Syfret's report).
40. *Ibid*, pp 1610 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
41. *Ibid*, pp 1610—1611.

verbreek kon word nie tensy 'n volle brigade, ondersteun deur meer as net die toe beskikbare artilerrie, naamlik vier 3,7 duim houwitsers, in die veld gesteek sou word.

Die tekort aan artillerie was teweeggebring deur die feit dat die *Bachaquero* nie voor 1800 uur 'n geskikte strand kon vind om sy vrag, waaronder artillerie, te ontskeep nie. Dit is toe op Strand Rooi afgelaai, maar 'n pad van daar na die hoofopmarsroete is eers om 0900 uur die volgende dag gevind. 19 *Field Battery* van *98 Field Regiment*, wat net voor donker met groot moeite van die *Bachaquero* af aan wal gebring is, het egter intussen vanaf die Andrakaka-skiereiland op die Franse sloep *D'Entrecasteaux* losgebrand totdat dit deur die vuur van Franse vlooteenhede stilgemaak is.

Dwarsdeur die middag van 5 Mei het stormwinde meegehelp om die landing van voertuie te vertraag, sodat dié van *29 Independent Brigade* eers na donker aan wal gebring is. 'n Verdere battery van *9 Field Regiment* is eers nadat die maan om 2200 uur opgekom het, van die *Mahout* af aan wal gebring. Intussen het die Britse korvet *Auricula* die oggend 'n myn geaktiveer. Die skip is gestrand in 'n poging om dit bo water te hou, maar het tog die volgende oggend gesink. Daardie insident verteenwoordig die enigste Britse skeepsverlies tydens die aanval.[42]

Om 1900 uur is die hoofkwartier van *29 Independent Brigade* by Conlieux opgerig en vier uur later het die bataljonbevelvoerders vir bevele aangemeld. Hulle is opdrag gegee om met dagbreek die volgende oggend die hoog vyandelike posisies aan te val. Gedurende die nag het die Britte, terwyl vyandelike sluipskutters 'n irriterende hoewel feitlik oneffektiewe vuur vanuit die digte bos op hulle volgehou het, afsonderlike bataljongrense gevorm. Die hoofkwartier van *17 Infantry Brigade* was op daardie stadium meer as 'n kilometer agter dié van *29 Brigade*.

Die vyand was op die nouste gedeelte van die landengte van Antsirana ingegrawe. Hulle posisie het na die suide gefront en was gesentreer om twee stewige ou forte: *Fort Caimans* aan die westekant en *Fort Bellevue* oos. Hulle is verbind deur 'n aaneengeskakelde reeks loopgrawe, tweeduisend meter lank, dwarsoor die landengte. Op die flanke was daar steil beboste afgronde wat in wortelboom-moerasse teen die see geëindig het. Die paaie wat hierdie posisie oorkruis het, is deeglik verdedig met sement veldbunkers. 'n Onvoltooide tenksloot het die hele posisie beskerm. Op elk van die forte was daar 'n 75 mm kanon so geplaas dat dit die hele plat landengte kon dek.[43] Dit was die formidabele posisie wat brigadier Festing moes aanval.

**Dag 2**

Die aanval op 6 Mei, oftewel dag 2, het om 0500 uur begin. Op die linkerflank en in die middel is die Britte se opmars na 'n paar honderd meter deur die Franse kanonne en masjiengewere gestuit. Op die regterflank het *2 South Lancashire Regiment* langs die rotse teenoor die see opgeruk en so *Fort Bellevue* omvleuel. Aangesien radio's nie oor die rotsagtige terrein vervoer kon word nie, is kommunikasie tussen daardie regiment en die hoofmag spoedig verbreek. Die hoofmag se ongevalle tydens die dagbreekaanval was betreklik hewig. Aangesien daar geen kontak met die *2 South Lancashires* gemaak kon word nie, is verkeerdelik gedink dat hulle ongevalle noodwendig ook hoog was, wat nie die geval was nie. Sturges het om 0700 uur op die front opgedaag en dadelik gereken die aanval het misluk. Hy het dus besluit om sy posisie bloot te verdedig en dan met 'n nagaanval te probeer om Antsirana te beset.[44]

Ondertussen het die *2 South Lancashires* hul omvleuelingsbeweging voltooi en 'n geslaagde lugaanval, waarmee die vyand groot verliese toegedien is, van stapel gestuur. Ongeveer vierhonderd vyandelike soldate is krygsgevange geneem. Dit het 'n uiters negatiewe invloed op die Franse moreel gehad. Die Britte was egter ook in 'n moeilike posisie: hulle kon nie met hul hoofmag kontak maak nie en swaar vyandelike bombardering het hul posisie mettertyd onhoudbaar gemaak. Ironies genoeg was Britse bomme wat agter

42. *Ibid*, pp 1596—1597 (Captain Oliver's report as ernclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez) and p 1604 (Garnons-Williams' report as enclosure to Syfret's report dd 16 June 1942).
43. *Ibid*, pp 1612—1613 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
44. *Ibid*, pp 1613—1614.

die Franse linie geval het, mede-verantwoordelik daarvoor dat die *2 South Lancashires* net na die middaguur na die Britse posisie moes terugkeer. Die terugtog was geslaagd.[45]

Op die hooffront het die Franse op 0900 uur 'n teenaanval geloods en die Britte op hulle beurt 'n paar honderd meter teruggedryf. Daarna het die front tot na 1400 uur staties gebly, toe die Franse weerstand effens verslap het en die Britte weer 'n entjie kon vorder. Dit was egter duidelik dat *29 Brigade* nie sonder addisionele artillerie- en infanteriesteun die Franse sou kon oorrompel nie. Alles moontlik is gedoen om sodanige steun te verskaf. Gedurende die dag het die meeste bataljons van *17 Infantry Brigade* van die landingsplekke af op die front aangekom. Elemente daarvan is vroegoggend suidwaarts gestuur om die Joffreville-roete, van waar 'n aanval op die rug van *29 Brigade* verwag is, te dek. Talle Franse sluipskutters is daar gevange geneem. *19 Battery* het intussen van die Andrakaka-skiereiland af die verdedigingswerke rondom Antsirana gebombardeer. Sommige van die Britse skepe het die Oranjia-skiereiland soos van Antsirana volgehou. Dit was 'n halfhartige poging, aangesien die betrokke skeepskapteins besef het dat die lot van die skiereiland deur die gevegte suid van Antsirana bepaal sou word. Swak weer het onakkurate vuur veroorsaak, met die gevolg dat die skeepsbombardement inderdaad 'n mors van tyd en ammunisie was.[46] 'n Ander teiken wat dié dag deur die skeepskanonne gebombardeer is, was die Franse sloep, die *D'Entrecasteaux*, wat in Diego Suarez-baai gelê het. Dit is mettertyd totaal verwoes.[47] Die amfibiese landings aan die weskus het ook onverpoosd voortgegaan. Teen 1700 uur op dag 2 was al die ongeveer tienduisend Britse soldate aan land.[48]

**Deurbraak van die vlootsoldate**

Generaal-majoor Sturges het sy planne vir 'n nagaanval deur al die troepe van *17 Brigade*, met *29 Brigade* in 'n ondersteunende rol, persoonlik aan Syfret voorgelê. Alle artillerie moes gereed wees om steun te verleen. 'n Lug-bombardement moes tot 2015 uur op Antsirana geloods word, en om 2030 uur moes die grondaanval begin. Die torpedojaer *Anthony* moes vyftig vlootsoldate op die kaai van Antsirana in Diego Suarez-baai aflaai om die Franse in die rug aan te val.

Syfret het ingestem, maar later verklaar dat hy op daardie stadium gedink het hulle kon maar daarvan vergeet om Diego Suarez vinnig te beset. Die vinnig-beplande nagaanval met moeë troepe teen 'n vyand in sterk verdedigbare stellings het slegs 'n tien persent kans op sukses gehad. Uitgerekte operasies was die enigste alternatief, en dit was juis wat die Britte wou verhoed. Syfret het verder gereken dat die *Anthony*-operasie 'n vyftig persent kans op sukses gehad het, maar sy raadgewers het gedink hy was optimisties. Hy het verwag dat minder as die helfte van die vyftig vlootsoldate die aanslag sou oorleef. Die volgende paar uur was volgens homself, vir hombitter onaangenaam.[49]

Die voorbereidings het egter voortgegaan. Om 1900 uur het die *2 Northamptons* en *6 Seaforths* van *17 Brigade* aan die front begin opdaag. Laasgenoemde het 'n groot tekort aan personeel gehad, en aangesien dié eenheid 'n leidende rol in die beplande nagaanval moes speel, is 'n kompanie van die *2 Royal Welch Fusiliers* daarheen oorgeplaas. Daarmee was die grondformasies gereed. Van 2000 uur tot 2015 uur is Antsirana en omgewing soos beplan aan 'n swaar lugbombardement onderwerp, en alles het volgens plan verloop.

Die nagaanval het om 2030 uur begin. Aanvanklik is slegs sporadies op die aanvallers gevuur. Die hoofaanval is langs die hoofpad na Antsirana geloods. Die voorste bataljons het spoedig tussen die Franse forte deurbeweeg en opruimingsaksies aan die agterhoede oorgelaat. Die eerste doelwit, 'n denkbeeldige lyn noord van die inboorlingdorp Antanamboa, is teen 2300 uur en na vordering van ongeveer drie kilometer bereik. Die sukses is toe deur die voorste bataljons na die hoofkwartier gesein, waarop die reser-

---

45. *Ibid.*
46. *Ibid*, pp 1597—1598 (Captain Oliver's report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
47. *Ibid*, p 1604 (Garnons-Williams' report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez, dd 16 June 1942).
48. *Ibid.*
49. *Ibid*, p 1592 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).

webataljons deurgestoot is in Antsirana in. Die hawe is sonder veel teenstand bereik. Om 0110 uur op dag 3 het brigadier Festing die goewerneurs-residensie binnegegaan en die dorp oorgeneem. Die res van die nag is onderhoude met Franse vloot- en militêre aanvoerders en burgerlike amptenare gevoer terwyl eenhede verder opruimingswerk gedoen het.

Die rol van die torpedojaer *Anthony* was deurslaggewend vir die sukses van die nagaanval. Om ongeveer 2000 uur het die Franse kusbatterye by die poort na Diego Suarezbaai op die *Anthony* gevuur. Die vuur is onmiddellik deur die *Anthony* self beantwoord.[50] Soekligte wat aangeskakel is, is deur ander vlootvaartuie buite aksie geskiet.[51]

Die *Anthony* is teen twee-en-dertig knope deur die hawepoort en die vlootsoldate onder kaptein M. Price, is onder kwelvuur uit die dorp, op die kaai afgelaai. Om hulle heen was talle geboue in vlamme as gevolg van die lugaanvalle van minder as 'n uur tevore. Terwyl die *Anthony* weer die oop see in is, het die vlootsoldate in die dorp inbeweeg, nog brand gestig, en die artilleriehoofkwartier sowel as die vlootbarrakke beset. Talle Franse is krygsgevange geneem en ongeveer vyftig Britse krygsgevangenes, insluitende 'n Britse spioen wat die volgende oggend tereggestel sou word, is ontset. Die bewaking van hulle gevangenes was daarna, totdat kontak met die Britse troepe wat die dorp vanuit die suide ingeneem het bewerkstellig is, die primêre taak van die vlootsoldate.[52]

Syfret het later onomwonde verklaar dat die optrede van *Anthony* en die vlootsoldate die belangrikste en direkte oorsaak van die vyand se ineenstorting in Antsirana was.[53] Dit het veral die moreel van die Franse soldate geknak en sodoende pogings tot 'n teenaanval op die Britse troepe aansienlik gekortwiek.[54]

**Die oorgawe van Antsirana**

Die oggend van 7 Mei is deur die Britte gebruik om sluipskutters wat tydens die nagaanval ontkom het, op te ruim. Die enigste teiken wat toe nog nie in Britse hande was nie, was die Oranjia-skiereiland waarop die Franse kusverdedigingsbatterye gestasioneer was. Om onnodige bloedvergieting te voorkom, is onderhandelinge met die oog op 'n wapenstilstand met die Franse troepe daar aangeknoop. Om hulle aan te moedig om oor te gee, het Syfret drie van sy skepe beveel om die vyandelike stellings te bombardeer. Tien minute daarvan was genoeg om die Franse tot 'n wapenstilstand te laat instem. Daarmee is vyandelikhede beëindig. 'n Bataljon is intussen suidwaarts gestuur om die plaaslike lughawe in besit te neem en om 1730 uur het die *Ramillies* in Diego Suarez-baai anker gegooi.[55]

Na 'n ontmoeting met die senior Franse offisiere in Diego Suarez op die *Ramillies* vroeg die oggend van 8 Mei, is Syfret om 1100 uur na die Residensie in Antsirana vir 'n kapitulasie-konferensie. Buiten die senior Britse en Vichy-Franse offisiere, was kolonel Melville ook hier teenwoordig. Die akte van oorgawe is dieselfde middag onderteken. Daarin is bloot voorsiening gemaak vir die beëindiging van vyandelikhede. Tydens die konferensie het Syfret dit duidelik gestel dat die Britse behandeling van Diego Suarez in ooreenstemming sou wees met die ultimatum wat op dag 1 deur middel van die gevange Franse offisier deurgestuur is, maar onbeantwoord gelaat is.[56] Daarmee was die eerste fase van die besetting van Madagaskar afgehandel.

Die Britse verliese tydens die uitvoering van Operasie *Ironclad* was relatief tot dié van die Franse lig. Een korvet is gesink, en 'n

---

50. *Ibid*, pp 1615 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
51. *Ibid*, pp 1598—1599 (Captain Oliver's report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).
52. *Ibid*, p 1615 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of 'Diego Suarez); W.S. Roskill, *op cit*, pp 190—191.
53. Supplement to the *London Gazette*, Number 38225 dd 4 March 1948, p 1593 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942.
54. *Ibid*, p 1615 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
55. *Ibid*, p 1593 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
55. *Ibid*, p 1593 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942) and p 1615 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report).
56. *Ibid*, pp 1593—1595 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).



*Diego Suarez Hawe*

paar tenks en troepedraers erg beskadig. Van die soldate is net meer as 'n honderd dood en minder as driehonderd gewond. Die Franse verliese was twee duikbote en twee ander skepe en negentien vliegtuie, sowel as die verlies van al hul toerusting. Verder is ook ongeveer 'n honderd soldate gedood en meer as vierhonderd gewond, terwyl meer as vier duisend, waarvan 'n duisend Franse was, krygsgevange geneem is.[57]

Aangesien die besetting van Diego Suarez die eerste Britse amfibiese operasie van die Tweede Wêreldoorlog was en die eerste groot amfibiese aanval sedert die mislukking by die Dardanelles sewe-en-twintig jaar tevore, is daar besondere aandag gegee aan die taktiek daar toegepas. Dit is in gedagte gehou dat die vyand se lugmag swak was, en dat hulle geen gepantserde gevegsvoertuie gehad het nie. Die oefeninge vooraf aan die Skotse kus het beslis bygedra tot die Britse sukses, en so ook die hulp van die Suid-Afrikaners in Durban om die aanvalsvoertuie operasioneel gereed te verskeep. Hoewel daar min voertuie was, is hulle bo verwagting vinnig ontskeep. Die vir die Franse verrassende keuse van landingsplekke het 'n belangrike bydrae tot die sukses gelewer.[58] Die lugondersteuning en ononderbroke bombardering het 'n besliste negatiewe uitwerking op die vyand se moreel gehad. Dit en die onortodokse nagaanval met alle beskikbare infanterie sowel as die verrassingsaanval van die *Anthony* het die vyand op die verkeerde voet gevang sodat weerstand vinnig verkrummel het en die Franse stellings verower is.

Laastens het Syfret in sy amptelike verslag aan die Admiraliteit op 16 Junie 1942 spesifiek melding gemaak van die uitstekende verhoudinge wat daar dwarsdeur die operasie tussen die Britse Vloot, die Britse Leër en die Suid-Afrikaanse Lugmag geheers het. Die sukses van die onderneming is ook tot 'n groot mate daaraan toegeskryf.[59]

---

57. *Ibid*, p 1604 (Garnons- Williams' report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).
58. *Ibid*, p 1604 (Garnons-Williams' report as enclosure to Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).
58. *Ibid*, p 1616 (Sturges' report dd 15 June 1942, appendix to Syfret's report on the capture of Diego Suarez).
59. *Ibid*, p 1589 (Syfret's report on the capture of Diego Suarez dd 16 June 1942).

## Die rol van die Britse Geheime Diens

Een van die redes wat deur kolonel Melville aangegee is vir die sukses van die Britse aanval, was die uitstekende werk van lede van die Britse *Special Operations Executive.* Hierdie organisasie was onder andere daarvoor verantwoordelik dat die telefoondrade tussen Antsirana en Ambararata- en Courrierbaai afgesny is, met die gevolg dat die Franse verdedigingshoofkwartier nie dadelik geweet het van die Britse landings nie. Die rol van daardie organisasie in die Britse besetting van Diego Suarez verdien dus spesiale aandag.

'n Geheime agent met die kodenaam D.Z.6 het op 22 Mei 1942 in Durban 'n hoogs interessante verslag opgestel oor sy bedrywighede in Madagaskar voor die Britse besetting van Diego Suarez. Hy is 'n paar dae voor die Britse landings uit Durban daaroor ingelig, en het instruksies ontvang oor die rol wat sy lokale organisasie daarin kon speel. Dit het ingesluit die verskaffing van informasie oor Diego Suarez, die verskaffing van gidse vir die voorste landingstroepe, en die oprigting van radiokommunikasie met Durban.

D.Z.6 was in Tananarive toe hy die opdrag gekry het. Sy eerste probleem was om so gou moontlik van sy agente in die afgeleë Diego Suarez, waar hy geen agente gehad het nie, te ontplooi. Hy het later verklaar dat hy 'n fout gemaak het met sy keuse van mense vir dié taak, maar dit nie dadelik besef het nie. Hy en ander agente is op 21 April uit Tananarive na Majunga, vanwaar hy alleen na Diego Suarez wou gaan om informasie oor die gebied in te win, en om op die aand van die landings 'n drinkpartytjie met kolonels Maerten en Clarebout, die hoogste Franse offisiere daar, te reël, waarop hy hulle sogenaamde 'uitklopdruppels' wou injaag.

D.Z.6 was 'n besigheidsman en het voorgegee dat hy n Diego Suarez gegaan het om te gaan aandag gee aan die benarde voedseltoestand. Op 23 April was hy op die eiland Nossi Be wes van Diego Suarez waar hy tydens 'n ete saam met die aanvoerders van onderskeidelik die lokale magte en 'n Franse duikboot heelwat betroubare informasie oor die militêre posisie in Madagaskar kon insamel. Op 26 April was hy op Diego Suarez. Hy het spoedig uitgevind dat Courrierbaai oos van Diego Suarez gemyn was, en het persoonlik kontak met beide Maerten en Clarebout gemaak. Tydens 'n besoek aan Courrierbaai het die sersant in bevel van die verdedigingswerke daar dit alles aan hom gewys. Hy kon egter nie die informasie na Durban deurstuur nie, aangesien sy medewerkers, vir hom om 'n duistere rede, nie 'n draadloos kon verskaf nie.

D.Z.6 het vanaf 29 April tot 4 Mei voortgegaan met die versameling van militêre inligting, en baie gekry. Dit het hy alles neergeskryf. Op 4 Mei is hy na Ambararatabaai. Teen skemer het hy die telefoondrade tussen daardie gebied en Diego Suarez afgesny, en daarna tot 2230 uur gewag vir die landings. Uit vrees dat sy teenwoordigheid daar suspisie kon opwek, is hy toe maar terug na sy hotelkamer in Antsirana. Vroeg die volgende oggend is hy deur bomaanvalle op die hawe gewek, en in sy opgewondenheid oor die uiteindelike aanval het hy die hotel verlaat om te kyk na die skade. Die polisie het hom voorgekeer. Hy het al sy notas probeer opskeur, maar is juis op grond daarvan na kolonel Clarebout by die verdedigingshoofkwartier geneem. Hy is ondervra en na die notas deeglik bestudeer is, van spioenasie beskuldig. Dit Britte het hom om ongeveer 2130 uur die volgende aand bevry — net betyds, want daar was reeds besluit om hom tereg te stel.

Interessante aspekte van sommige mislukkings in D.Z.6 se spioenasieplanne was onder andere die feit dat hy nie die drinkparty kon organiseer nie bloot omrede hy nie vir Maerten en Clarebout by so 'n partytjie kon kry nie. Buitendien was die uitklopdruppels wat hy moes aanwend om in staat om iemand vir twee en 'n half minute uit te sit, terwyl dit noodsaaklik was om die twee Franse offisiere vir ten minste vier-en-twintig uur buite aksie te stel om die saak die moeite werd te maak. D.Z.6 het toe gevoel dat hy die aand van die landings beter kon benut deur die telefoondrade tussen die landingsplekke en die dorp af te sny. Daardie stap was beslis 'n positiewe bydrae tot die sukses van die Britse operasie. Verder was D.Z.6 daarvan oortuig dat hy vir Maerten heel-

temal gerusgestel het dat die Britte nooit eerste Madagaskar sou aanval nie, met die gevolg dat die Franse totaal onverhoeds betrap is. Volgens hom het kommandeur Melin, die Franse Vlootstathoof in Diego Suarez, dit self na die aanval aan hom gesê. Dit dan wat betref D.Z.6 se eie verslag.

In sy studie oor die Britse *Special Operations Executive* noem M.R.D. Foot 'n sekere J.F.A. Antelme (Renaud), 'n besigheidsman uit Mauritius wat vir homself 'n naam gemaak het deur sy waaghalsige optrede in Madagaskar. Antelme het later 'n *Order of the British Empire* verwerf, maar het nie die oorlog oorleef nie. Hy is naamlik deur die Duitsers gevang en tereggestel.[60] Hoewel skrywer hiervan geen direkte bewys daarvoor het nie, wil dit tog voorkom asof Antelme en D.Z.6 een en dieselfde persoon was.

**Die Franse reaksie op die Britse aanval**

Nadat dit in Vichy-Frankryk bekend geword het dat die Britte 'n aanval op Diego Suarez geloods het, is versoeke van daar na Madagaskar gestuur om die landing met alle mag teen te staan. Admiraal Darlan, die Vichy Opperbevelvoerder, het in een sodanige versoek op 6 Mei verklaar dat die Britte, in plaas van om hulle vyande te beveg, die maklike uitweg gevolg het deur 'n Franse kolonie vêr van die moederland af aan te val — 'n misdadige stap wat met alle mag weerstaan moes word. Om die verdedigers aan te moedig het hy gepropageer dat hulle vir die eer van Frankryk moes veg.[61] Verder is een miljoen frank aan goewerneur-generaal Annet gestuur "om in die behoeftes van daardie Europeane en inboorlinge wat slagoffers van die Britse aggressie is te voorsien'.

Hoewel die Franse verdedigers van Diego Suarez nie aan die versoeke uit die *moederland* kon voldoen nie, was die Vichy-regeerders nie van plan om die res van die eiland sonder meer oor te gee nie. Die Geallieerdes moes veg vir die voorreg. Die verowering van die res van Madagaskar sal in volgende artikels bespreek word.

---

60. M.R.D. Foot: *SOE in France* (London, 1966), pp 223—224.
61. Sir L. Woodward: *British Foreign Policy in the Second World War*, Volume II (London, 1971), p 364 (footnote).